

GODGEGEWE-GEHOORSAAMHEID

1 Maart 2015

Fil 2:12-18

My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlore mense te lewe, (13) want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer. (14) Doen alles sonder kla of teëpraat. (15) Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld (16) deur die woord van die lewe uit te dra. Dan sal ek op die dag van Christus se koms rede hê om trots te wees, omdat dit sal blyk dat ek my nie verniet ingespan het nie en nie verniet geswoeg het nie. (17) Julle geloof is 'n offer in diens van God. Selfs al word my bloed daarby as drankoffer uitgegiet, is ek daarvoor bly, ja, is ek saam met julle almal bly. (18) Om dieselfde rede moet julle ook bly wees, ja, saam met my bly wees.

GODGEGEWE-GEHOORSAAMHEID

Hele lewe van christene kan opgesom word in een woord: *gehoorsaam*
Bifokale-lens (ek en God)

Oproep tot gehoorsaamheid aan God is soos toebroodjie tussen Christus se voorbeeld (2:5-11) en versekering dat God dit bewerk in ons lewe (vs 13)

Deur hierdie lens word gehoorsaamheid 'n positiewe aksie en geskenk wat verder in hierdie gedeelte beskryf word. God stel ons in staat :

- 1 Om Hom blymoedig te gehoorsaam (vs 14)
- 2 Om Hom ligdraend te gehoorsaam (vs 15)
- 3 Om Hom vrugdraend te gehoorsaam (vs 16)
- 4 Om Hom met volle oorgawe te gehoorsaam (vs 17)



SAAM-PRAAT

- 1 Watter prentjie kom in jou kop as jy aan gehoorsaam dink?
- 2 Bespreek die stelling: *verlore mense is gehoorsame mense*
- 3 Watter verskil maak dit om te weet dat God ons in staat stel om gehoorsaam te wees ?
- 4 Ten opsigte van watter van die 4 punte in preek wil jy God meer gehoorsaam?